

# Sondag 22 Augustus

Skrifgedeelte: Job 30

Fokusgedeelte: Job 30:20  
(1983-vertaling)

## **Ek roep na U om hulp, maar U antwoord my nie ...**

Het jy ook al soos Job gevoel? Nadat Job nostalgies teruggedink het aan sy verlede, fokus hy nou op die hede. Dit gaan glad nie goed met Job nie. Hy word bespot en verneder deur slegte mense. Job ervaar totale weerloosheid, 'n hulpeloosheid. Hy skryf dit nie aan die mense se optrede toe nie, maar aan God. Hy ervaar dat dit God is wat hom weerloos en hulpeloos gemaak het. Dan breek hy in 'n treurlied uit: "Ek roep na U om hulp, maar U antwoord my nie. Hier staan ek, maar U steur U nie aan my nie."

In Job se hopeloosheid voel dit vir hom of die Here van hom vergeet het, of Hy teen hom gedraai het. Dit kook in Job. Hy kom nie tot rus nie. Baie mense kan hiermee identifiseer. Ek bid, maar dit voel of my gebed teen die plafon vasslaan. Niks verander aan my situasie nie. Dit voel of die Here van my vergeet het.

Alhoewel dit vir Job gevoel het of die Here van hom vergeet het en sy rug op hom gedraai het, was dit nie werklik so nie. Die Here praat met Job. Nadat die Here met Job gepraat het, kom Job tot hierdie belydenis: "Nou weet ek dat U tot alles in staat is en dat U kan uitvoer wat U besluit ... Ek het oor dinge gepraat wat ek nie begryp het nie: U wonderdade was te groot vir my, ek het dit nie verstaan nie."

Net soos die Here met Job gepraat het, praat Hy ook met ons deur sy Woord en Gees. Mag jy sy stem hoor en mag jy daartoe kom om saam met die psalmdigter te sing: *"O my siel, waarom onrustig? En wat buig jy jou in my? Waarom in Gods lof onlustig as die spotstem jou bestry? Menigmaal het Hy jou druk laat verwissel in geluk. Hoop op God, in Hom weer rustig! In sy lof sal 'k my verlustig."*

*Sing: Psalm 42-1:1, 7*

*Ds. FJ Potgieter (Fritz) (Bloemfontein-Suid)*